



# Hoërskool Marais Viljoen High School

22 Februarie 2019  
Geagte Ouers / Voogde

## OMSENDSKRYWE 5 (2019)

### 1. INTERSKOLE ATLETIEKBYEENKOMS

Die Interhoër het op 19 Februarie by die Germistonstadion plaasgevind. Dit het baie goed afgeloop en ons het die byeenkoms gewen. In die geesvangkompetisie het ons die tweede plek ingeneem. Ons wil graag al ons afrigters en atlete bedank vir hulle harde werk deur die seisoen. Baie geluk!

### 2. BEPALINGS IN DIE DAGBOEK

Sommige van die bepalings in die dagboek is anders as wat werklik gebeur. Teen die tyd wat die dagboek na die drukkers toe gaan, is al die datums korrek, maar as gevolg van omstandighede buite ons beheer, vind daar tog van tyd tot tyd veranderinge plaas. Ons vra om verskoning vir enige ongerief wat hierdeur veroorsaak word en vra u om die program in die omsendskrywes dop te hou, want al die nuutste inligting is daarin vervat.

### 3. SWEETPAKBAADJIES

Ons is baie trots op ons skooldrag. Sweetpakbaadjies is nie deel van ons skooldrag nie. Dit mag slegs op ondersteunersdae gedra word of as deel van die sweetpak vir sportdoeleindes. Ons vra u hulp in hierdie verband om seker te maak dat die leerders nie die sweetpakbaadjie as 'n reënjas gebruik nie. Indien dit reën, moet 'n sambreel gebruik word.

### 4. UITSTAANDE BUSGELD

Uitstaande busgeld moet asseblief so gou as moontlik betaal word. Ons moet die busmaatskappy betaal en daarom moet al die geld in ons rekening wees sodat ons ons verpligtinge kan nakom.

### 5. SELFONE EN OORFONE

Selfone en oorfone mag glad nie op die skoolterrein of in die klasse sigbaar wees nie, ook nie tydens detensie nie – slegs pouse en na skool. Hulle moet te alle tye afgeskakel en weggepak wees. Leerders wat nie hieraan gehoor gee nie, se selfone en oorfone sal gekonfiskeer word en vir 3 weke in die kluis bewaar word. Die simkaart mag nie verwyder word voordat dit ingehandig word nie. Herhaaldelike oortreding kan tot die ontneming van die voorreg lei. Indien 'n selfoon of oorfone uit 'n sak val, is dit nie 'n verskoning nie. Selfone en oorfone word op eie risiko skool toe gebring. Selfone mag nie in die klasse gelaai word nie. Neem asseblief kennis dat hierdie reëls ononderhandelbaar is. Indien dit 'n leerder se enigste wyse van kommunikasie is, moet die leerder en ouers self verantwoordelikheid neem en ander reëligns tref indien die foon gekonfiskeer word.

### 6. D6-REGISTRASIE

Ons wil graag die meerderheid van ons ouers bedank wat alreeds op D6 geregistreer het. Slegs 'n handjievol ouers moet nog registreer en ons doen 'n beroep op hulle om dit so gou as moontlik te doen, aangesien ons binnekort hoofsaaklik op hierdie manier met u gaan kommunikeer.

## 7. ALBERTON TUISTE VIR BEJAARDES

Op 23 Februarie, hierdie Saterdag, hou die Alberton Tuiste vir Bejaardes, in Petersfieldlaan, in die oggend kermis. Ondersteun hulle asseblief.

## 8. EERLIKE LEERDERS

Baie dankie aan Nicole de Lange, Jayden Lubbe, Anneke Kruger, Aaron-Shah Strong en Alexander Sonnekus wat geld, 'n selfoon en 'n horlosie opgetel en ingehandig het.

## 9. PROGRAM

Maandag 25 Februarie	Hulpklasse : Gr 8 – 12 Graad 11 en 12 Loopbaanuitstalling Seunstennis: Liga Revue oefening	14:15 – 15:15 09:00 – 11:00 18:00 – 21:00	
Dinsdag 26 Februarie	Wiskunde ekstra hulpklasse Meisiesennis: Liga Atletiek: Distrikskampioenskappe Revue oefening	14:15 – 16:00 18:00 – 21:00	
Woensdag 27 Februarie	Graad 12 8ste periode (K3) Toets Swemgala Netbal: o/17 & 19 Albertonproewe Revue oefening	14:15 – 15:00 18:00 – 21:00	Saheti Linksfield
Donderdag 28 Februarie	Graad 12 8ste periode (K1) Netbal: D16 o/14, 15 & 16 proewe	07:00 – 07:40	
Vrydag 1 Maart	PUK Skaak, Tennis en Seunshokkie Krieket: Franchise finale		Weg
Saterdag 2 Maart	Sportdag: Rugby, Hokkie, Netbal Krieket: Franchise finale		Weg

Vriendelike groete

**MARTIE HEYSTEK**  
**SKOOLHOOF**

**LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING**

